

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



- 24 Jan **Netta Schutte**, Ockerselaan 9, ☎ 083 797 3267. Wyk A3
26 Jan **Fanie Kruger**, Berts Brickweg 55, ☎ 083 493 5876. Wyk E3
Johan Viljoen, Rivierstraat 127, ☎ 064 684 4606. Wyk E1
27 Jan **Hendra Bouwsema**, Peplerstraat 13, ☎ 083 655 7806. Wyk E1
31 Jan **Lenie Bouwsema**. Walter Sisulustraat 342B, ☎ 083 511 8643.
Wyk B2

VAN ONS DIAKONIE

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir Barmhartigheid in die blou sakkies.

Vanoggend by die deure vir die GKSA Sustentasiefonds in rooi sakkies.

Vanaand: Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.


Die spesiale kollektes in Januarie 2021 gaan vir:

- Sondag 3 Januarie Jeugsorg
Sondag 10 Januarie Emeritaatsversorging
Sondag 17 Januarie Emeritaatsversorging
Sondag 24 Januarie GKSA Sustentasiefonds
Sondag 31 Januarie Teologiese Studentekas

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. Gee asb 'n duidelike **verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word**. **Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

- Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**. 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 37, nr 2 Sondag 24 Januarie 2021

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

rudy@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 Prediker: Ds Jannes van Dyk 072 224 7181
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulpprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe 079 872 2516 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za Web: www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge van wyke C2 en C3:
Wyk C2 Wynand Putter en wyk C3 is vakant.
Diakens: Wyk C2 Quintin Venter en Wyk C3 is Benjamin Boersema**

EREDIENSTE Oggenddiens word gelei deur ds Jannes van Dyk.
Die whatsapp-diens vanaand deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet www.gkpotchefstroom.co.za volg.

Die Woordverkondiging vanoggend word waargeneem deur **Ds Jannes van Dyk**. Ons bid hom die seën van die Here toe op die prediking. Die Woordverkondiging vanaand word waargeneem deur **Prof Callie**.

OGGEND: Votum en gebed om die seën van die Here.

Loflied: Psalm 84:1 & 2.

Belydenis van geloof.

DIENS VAN VERROOTMOEDIGING EN VERSOENING

Luister na die Wet van die Here: Eksodus 20:1-17.

Gebed van verootmoediging – sing: Psalm 69:3 & 6.

Gebed van lofprysing, danksegging en om verligting deur die Heilige Gees.

WOORDDIENS

Sing: Psalm 128:1, 2, 3 & 4.

Luister na die Woord van die Here: 1 Samuel 1:1-23

Fokusverse: 1 Samuel 1:1-3.

Verklaring en toepassing van die Here se Woord:

Die HERE van die leërskare gebruik spesifieke mense op spesifieke plekke om nuwe lewe te bring

ANTWOORDDIENS Gebed van die gemeente.

Sing: Psalm 89:1, 2 & 3. Gebed om die seën van die Here.

AAND: Skriflesing: Efesiërs 2; Openbaring 22
Kategismis: HK Sondag 24;
SING: Psalm 92: 6; Psalm 32:1, 2; Psalm 1:1, 4.

Dit is ook met baie groot vreugde en dankbaarheid teenoor die Here dat ons kan meedeel dat Die Gereformeerde Kerk Ventersdorp besluit het om Ds Jannes vry te stel van sy verpligtinge in daardie gemeente sodat hy voltyds met sy bediening hier in ons gemeente kan begin, totdat hy formeel en ordelik losgemaak kan word van Ventersdorp en bevestig kan word as herder en leraar van ons gemeente. Ons is baie dankbaar vir die baie mooi broederlike gesindheid wat ons van Ventersdorp ervaar het en dink ook in ons gebede aan hulle gemeente terwyl hulle vakant is. Ons het hulle ook die versekering gegee dat Ds Jannes steeds noodsaaklike pastorale werk in hulle gemeente kan doen. Die Woordverkondiging van Sondae sal ook na die lidmate van Ventersdorp gestuur word.

Dit is dus vir ons baie aangenaam om **Ds Jannes en Yolande** met hulle kindertjies **Hanró en Suhanli** voorlopig op hierdie ongewone manier hartlik in ons gemeente te verwelkom. Ons glo en vertrou dat die tyd spoedig sal kom dat ons hulle behoorlik kan verwelkom. Dit is ons bede dat ons troue Verbondsgod Ds Jannes se bediening in ons gemeente baie ryklik sal seën tot eer van sy Naam en tot opbou van ons gemeente en uitbreiding van sy kerk en koninkryk.



Ds Jannes se adres en kontaknommers verskyn in die gemeenteblyd en op die kalender.


Predikant: Ds Jannes van Dyk. Louwstraat 70
Tel: 072 224 7181. jannes.vandyk@gmail.com

Vanaf die 31e Januarie sal Ds Jannes die Woordverkondiging sowel in die oggend- en die aand hanteer, behalwe een Sondag per maand deur Prof Callie volgens die hulpdiensoreenkoms met die kerkraad.

Ons plaas die tweede gedeelte van 'n brief wat van die Deputate Owerheid ontvang is ivm korrespondensie met die owerheid oor die Covid-19 inperkings.

LIEF EN LEED

GEBOORTE. Baie geluk aan **Jasper en Marlene Dreyer** met die geboorte van hulle babaseuntjie Johannes. Hy is op 18 Januarie gebore en dis 'n groot vreugde vir die kinders Su-Mart en Marthinus. Baie geluk ook aan die grootouers Thinus en Stienie Dreyer.



Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here ons troue Verbondsgod dat ons vir **Ockie en Johanna Buys** 018 297 4117 gelukwens met hulle 67ste huweliks-herdenking op 30 Januarie. Mag ons Vader hulle ook op die pad vorentoe ryklik seën soos Hy die afgelope 67 jaar gedoen het.



Fanie Steyn 083 652 2009 van Huis Eikelaan is die afgelope week weer in Mediclinic opgeneem onder andere met longontsteking. Ons bid hom en Annemarie en hulle dierbares al die krag en genade van ons hemelse Vader toe.

Susan Nortjé is Woensdag opgeneem in Mooimed met gevaarlike hoë bloeddruk. Die dokter weet nie of dit is agv haar niere of 'n infeksie nie. Ons dra haar en Koos en hulle dierbares steeds in ons gebede aan die genade van die Here op. Hulle seun **Banie** het onlangs teruggekeer uit Amerika waar hy vir 'n hele aantal maande gewerk het, soos hy vir 'n aantal jare gedoen het. Saam met Marli en hulle dogtertjies is ons baie dankbaar teenoor die Here dat hy veilig en behoue terug is.



Magda Viljoen 079 408 2835 het die afgelope week met die eerste van 30 sessies bestraling begin wat vir ses weke sal duur, elke week van Maandag tot Vrydag. Ons bid haar en Hennie, Carina en Anelri die ryke genade van die Here toe. Mag Hy in sy almag volkome genesing gee.



Indien daar enige siekte- of ander gevalle is waarvan u bewus is in u wyk, en wat Sondae afgekondig moet word, sal u dit asb deurgee na **Malie Wyma** 072 373 7361 of kantoor@gkpotchefstroom.co.za



Ons dink ook steeds aan **Faans en Ina Steyn** na sy groot operasie en is baie dankbaar teen ons hemelse Vader dat dit op die oomblik steeds baie goed gaan.

Sonja Venter 072 776 3700 begin van môre af met 'n aantal bestralings en ons bid haar ook die seën van ons troue Verbondsgod toe, dat hy haar sal dra soos deur die afgelope maande van die chemoterapie-behandelings. Intussen het haar man **Tinus** baie ernstige rugprobleme opgedoen en hy moet eerskomende Donderdag 'n ortopediese sjirurg in Pretoria sien. Hy sal 'n groot operasie moet ondergaan. Sonja se pa is ook met kanker gediagnoseer. Ons harte en gebede gaan elke dag uit na hierdie familie wat so swaar beproef word en weet dat ons troue God en Vader hulle ook deur hierdie donker tyd sal dra.



Ons doen ook weer 'n beroep op bydraes vir die fonds waarmee die breë kerkraad begin het om vir Thinus en Sonja te help met die hoë mediese uitgawes. Enige bydrae is welkom en kan in die rekening van die diakonie inbetaal word waarvan die nommer in Op die Kerkwerf verskyn.

Suhanli, die dogtertjie van Ds Jannes en Yolande moes die afgelope week skanderings en 'n neurologiese ondersoek ondergaan. Ds Jannes-hulle kan moontlik in 'n volgende gemeenteblad meer inligting gee. Suhanli het sedert geboorte gewassies in die brein asook sekere grysstof wat nie "migreer" het nie. Dit veroorsaak dat sy epileptiese aanvalle kry. Medikasie word nou van Amerika af ingevoer en ons bede is dat die uitwerking daarvan die geslaagde resultaat mag hê sodat sjirurgiese ingryping nie nodig is nie. Ons dra ons pastoriegesin en in besonder klein Suhanli aan die troue sorg en liefde van ons hemelse Vader op.

Frans Drijfhout 082 577 1927 ondergaan Woensdag 'n prosedure om nierstene te verwyder. Ons bede is dat dit suksesvol sal verloop. Sterkte ook vir Pietro.



Die **2021 gemeentekalender** is beskikbaar in die saal. U kan **een neem per besoekpunt**. Ons koster, Pieter Bouwsema, sal weer Dinsdagoggend tussen 10:00 en 11:00 by die saal wees.

Vorige week het ons die eerste deel van hierdie brief geplaas. Dit is die res van die brief.



Deputate Owerheid

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Voors. Ds. Cassie Aucamp

Skriba: Ds. Marcel Floor

anberg@absamail.co.za

marcelfloor07@gmail.com

082 377 1112

082 828 5811

Ds GJ Erasmus; Ds RP van Wyk; Rev JV Fatuse;

Rev MA Sekhalele; Dr Dirk Hermann;

Prof N Vorster; Prof DF Muller.

Aan Kerkrade en Lidmate GKSA

15 Januarie 2021

Broeders en susters,

Ons skryf aan u namens die Deputate Owerheid van die Algemene Sinode, en rapporteer graag oor ons korrespondensie en beplande korrespondensie met die owerheid in verband met die Covid-19 inperkings.

8. Die Deputate is terdeë daarvan bewus dat die regering in onbeholpenheid totaal irrasionele en selfs bizarre bepalinge in die bekamping van Covid19 daargestel het wat bv. dele van dieselfde departemente van winkels oopgestel en toegesluit het. Die verbod op godsdienstige samekomste, maar die toestemming tot die bywoning van 50 persone by kasino's, restaurante en teaters, word deur sommiges en in die twee skrywes aan die Deputate as so 'n irrasionaliteit ervaar. Daar is talle faktore inherent aan die verspreidingspatrone van die virus, wat die oophou of toemaak van geleenthede en samekomste bepaal. Die Deputate sal by die regering hieroor navraag doen. Die Deputate sien dit egter nie as grond vir burgerlike ongehoorsaamheid, soos deur 'n skrywe aan en gesprekke met die deputate beweer is nie.

Die bekende spreekwoord geld inderdaad: *two wrongs don't make a right*. As die verkeerspolisie taxi's toelaat om oor stopstrate te ry, gaan ek dit nie ook doen nie.

9. Die Deputate is ook onder die besef dat godsdienstige byeenkomste deur verskillende geloofs- en kultuurgemeenskappe totaal verskillend ingerig word. Sosiale afstand kan maklik in die Gereformeerde erediens gehandhaaf word, omdat dit in hoofsaak gaan om die Woord. By ander geloofsgemeenskappe is naby-kontak, op-mekaar-aangewese rituele en langdurige samesyn veel groter risiko's vir oordrag van die virus. →

10. Die Deputate is bewus daarvan dat een wet as't ware vir twee wêreldes geld, waarvoor ons begrip moet hê in die evaluering van ons eie situasie.
11. Die Deputate werk ook teen die hartseer agtergrond van eerstens die wantroue waarmee die huidige regering se gebrek aan geloofwaardigheid bejeën word as gevolg van korrupsie, selfs met die uitrol van noodsaaklike toerusting om die Covid-pandemie te bekamp. En tweedens: die geneigdheid van die huidige regering tot sentralisasie van mag in 'n diverse samelewing en in baie gevalle tot 'n boelie-optrede teenoor die lede van die publiek in die toepassing van Covid-regulasies, wat geensins bevorderlik is vir die noodsaaklike samewerking in die bekamping van die pandemie nie. Terselfdertyd is die Deputate ook bewus daarvan hoe noodsaaklike regulasies deur 'n groot deel en onder alle segmente van die publiek verontagsaam is.
12. Dit wil vir die Deputate voorkom asof die huidige golf en tempo van besmetting kan meebring dat die regulasies, soos onder andere die verbod op samekomste, ook in erediens, nog geruime tyd kan duur en nie bloot 'n saak is van enkele weke, en dan is dit verby nie. In die lig daarvan sal weë bedink moet word hoe fisiese eredienste tog weldra met verantwoordelikheid toegelaat sal kan word, al is dit ook met beperkte getalle. Hierin kan plaaslike owerhede wat plaaslike omstandighede en gedragpatrone ken, 'n groter rol speel, om iets van die noodsaaklike differensiasie by wyse van die plaaslike opsie te laat realiseer en nie alle godsdienstige samekomste te verbied nie. In hierdie gedifferensieerde besluitneming moet die besmettingsgetalle in bepaalde gebiede ook 'n rol speel.

Optrede deur die Deputate.

1. In die lig van al die bogenoemde beginsels en die realiteit van die rampsituasie, kan die Deputate nie met verantwoordelikheid die regering versoek om die beperking nou op te hef nie.
2. Die Deputate sal die rig van so 'n versoek oorweeg eers nadat daar uit gesprek met die regering en na raadpleging van medici en ander kundiges blyk dat dit met verantwoordelikheid gedoen kan word.
3. Die Deputate wil dit duidelik in antwoord op die versoeke stel dat daar nie in die huidige situasie, op grond van ons gereformeerd-etiese beginsels, regverdiging is vir burgerlike ongehoorsaamheid nie en dat die kerke nie in 'n staat van vervolging of selektiewe onderdrukking

- verkeer nie. Ons moet ook in ag neem dat optrede deur 'n enkele gemeente ook al die gemeentes in die kerkverband kan raak.
 4. Die Deputate is van oordeel dat daar nie grond bestaan vir die inisiering van 'n hofgeding teen die staat vanweë die vermeende irrasionaliteit van die bepalings nie.
 5. Die Deputate sal die regering versoek om, veral in die lig van die verwagte langdurigheid van die situasie, weë te besin hoe om ordelik met samewerking van plaaslike owerhede dit tog moontlik te maak dat waar eredienste wel in veiligheid kan geskied, dit toegelaat kan word.
 6. Die Deputate sal die regering se aandag daarop vestig dat die werk van die kerk, ook die bediening in die samekoms van gelowiges, inderdaad 'n "noodsaaklike diens" is wat so ver as moontlik binne veiligheidsperke toegelaat moet word. Die deputate sal die regering ook inlig dat daar groot hartseer by lidmate is en onrustige kommer dat die beperkings nog geruime tyd kan aanhou.
 7. Die Deputate sal in die skrywe die owerheid oproep tot skoner en korrupsievrye regering, ten einde die redelik algemene wantroue wat daar teenoor die owerheid bestaan en wat die samewerking in 'n krisistyd tot nadeel strek, te besweer.
 8. Die Deputate sal die regering daartoe oproep om in die uitrol van die massale taak van voorsiening van entstof aan alle Suid-Afrikane, met groter erns te waak teen korrupsie (entstowwe sal 'n baie goeie prys op die swartmark behaal). Ook dat daar, in stede van regeringsentralisasie, in groter mate aan instansies van die burgerlike samelewing geleentheid gebied sal word om mee te werk in die verspreiding van die entstof.
 9. Die Deputate sal die owerheid verseker van die voorbidding van ons kerke en van lidmate individueel vir die owerheid in die geweldige en abnormale verantwoordelikheid waarmee hulle nou beklee is.
 10. Die Deputate sal voortgaan om die kerke op die hoogte te hou van regulasies wat die kerke raak, met inbegrip van die uitspel van die ruimtes wat daar wel vir kerke bestaan.
 11. Die deputate sal alle moontlike weë probeer om direkte kontak met besluitnemers te kan kry. D
- As deputate vra ons ook vir die kerke se voortgesette voorbidding vir hierdie aspek van ons opdrag – wat in die lig van die bogenoemde "botsing van pligte" tans besondere wysheid te midde van hierdie krisis vereis.

Geteken: Ds. Cassie Aucamp (Voorsitter) Ds. Marcel Floor (Skriba)